Date : July, 21 , 2010 Publication : Beeld - Sake 24 Page Number : 1

Staalreus gooi skadu oor Saldanhabaai

Carin Smith, Kaapstad

'n Swaarmoedige atmosfeer heers op Saldanhabaai op die vooraand van samesprekings om te keer dat die Saldanha Staal-aanleg sluit.

Dr. Rob Davies, minister van handel en nywerheid, onderhandel môre met die strydende ArcelorMittal Suid-Afrika (Amsa) en Kumba Iron Ore om te kyk of 'n prysskikking vir die lewering van ystererts bereik kan word.

Amsa dreig om sy Saldanha Staal-aanleg te sluit en sowat 4 000 werknemers teen einde Augustus af te lê as 'n ooreenkoms nie bereik word nie.

Dr. Flip Oberholzer, voorsitter van die Saldanhabaai-sakekamer, sê Saldanha Staal speel 'n uiters belangrike rol in die streek se ekonomie. Daarom heers daar 'n baie swaarmoedige atmosfeer in die dorp.

"Ek dink die strydende partye is besig met 'n maatskappy-politieke spel. Hoekom sou Amsa die aanleg wou sluit en nie eerder 'n koper daarvoor soek nie? Kumba kan ook nie bekostig dat Amsa nié ystererts by hom koop nie."

Al word die aanleg nie gesluit nie, meen hy die dreigement om dit te sluit, kan 'n negatiewe nasleep hê.

"Werknemers is nou negatief en hulle oorweeg om in lande soos Doebai, Australië en Kanada te gaan werk. So sal hul skaars talente vir die land verlore gaan," sê Oberholzer.

Mnr. Jaco Kleynhans, woordvoerder van die vakbond Solidariteit (wat die meeste lede by die aanleg het) meen ook dat albei partye die dreigement van groot werkverliese takties gebruik.



Dr. Rob Davies, minister van handel en nywerheid.

"Dit is 'n swak en kinderagtige taktiek en plaas die werknemers in die middel. Saldanha Staal is 'n maklike en emosionele teiken, want as dit sluit, sal dit 'n groot verlies vir die streek wees. Dit is net logies dat hulle 'n skikking sal moet bereik, want anders gaan duisende werknemers hul werk verloor en albei die maatskappye gaan groot skade ly," sê Kleynhans.

Francois Williams berig mnr. Simon Arries, koördineerder van die staalwerkersvakbond Numsa aan die Weskus, het die naweek gesê die tydsberekening van Amsa se dreigement om die aanleg te sluit, lyk vir hom verdag omdat daar ook 'n dispuut tussen Numsa en die maatskappy is oor loononderhandelings. Terwyl die maatskappy 'n verhoging van 6% aanbied, meen Numsa werkers kan nie minder as minstens R5 000 per maand verdien nie. Hy vra 'n verhoging van inflasie plus 2% tot 3%.

> "Werknemers is nou negatief en hulle oorweeg dit om in lande soos Doebai, Australië en Kanada te gaan werk.

Numsa het ook gister sy steun aan die mediasieproses toegesê, maar hou volgens **I-Net Bridge** vol dat Amsa eerder genasionaliseer behoort te word.

Al sou die Saldanha Staal-aanleg gesluit word, sal dit nie die Wes-Kaapse regering se planne om 'n nywerheidsontwikkelingsone (NOS) in Saldanhabaai te vestig, in die wiele ry nie.

Volgens mnr. Alan Winde, Wes-Kaapse minister van finansies, ekonomiese ontwikkeling en toerisme, is die poging om 'n NOS daar te vestig 'n langtermynplan. Tog hoop hy 'n bevredigende ooreenkoms sal môre bereik kan word.